

BENODIGDHEDE: Ongeveer 4 keëls Pingouin Nr. 8-hekelgare; die presiese hoeveelheid sal afhang van lengte en breedte van gordyn wat gehekel word; hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Kan gemaak word om by venster te pas.

AFKORTINGS: Ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasio(s); filet-sp – filetspasie; filet-blk – filetblokkie; herh – herhaal.

Filetspasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb om sp te voltooi.

Filetblokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om blk te voltooi.

AANWYSING: Die gordyn word in stroke gehekel.

STROOK: Begin met 90 ks, draai en hekel eerste lb in 8e ks vanaf hekelpen.

Begin by stippellyn A-B en volg diagram tot stippellyn C-D.

Herh dié gedeelte tot gordyn so lank soos benodig is.

Hekel aantal stroke wat vir breedte benodig word.

Hekel stroke só aan mekaar vas: In syrand van eerste strook: *3lb in filet-sp, 3ks, slaan 1 sp oor*; herh tot einde.

Hekel in syrand van 2e strook: *3lb in filet-sp, 1ks, 1kb in 3ks-sp van aangehekelde randjie van eerste strook, 1ks, slaan 1 filet-sp aan syrand van tweede strook oor en herh vanaf * tot einde.

RANDSTROOK: Begin met 66 ks, draai en plaas 1e lb in 4e ks vanaf hekelpen. Volg nou diagram vanaf stippellyn E-B, hekel voort tot rand so lank soos gehekelde stroke is.

Hekel 1 ry van 3lb in filet-sp, 1lb in lb of sykant van lb, oor 3 kante van gordyn, om dit af te werk.



SLEUTEL TOT DIAGRAM

DIAGRAM VIR STROOK

- blokkie
- spasio




DIAGRAM VIR RAND

Versamelstuk

Rye Blomranke